Die publieke getuienis van die kerk

Ben du Toit

Dr. Ben du Toit van die Kommunikasiekantoor in Kaapstad waarsku dat ons as kerk en individuele Christene nie moet begin dink die land en regering is "ander mense" se verantwoordelikheid nie.

Dit was nog altyd binne Gereformeerde kringe, sedert Calvyn en die Reformasie, 'n belangrike aspek van die kerk se funksie, dat ons geloof in Jesus Christus van ons sal vra om 'n verskil te maak aan die wêreld waarin ons leef. Dit het beteken dat die leefwyse van Christene "voor die aangesig van die lewende God" 'n getuienis sal wees van die evangeliese waarhede van liefde, geregtigheid en vrede, as 'n uitdrukking van die soort vryheid waarvoor ons staan.

Hierdie soort getuienis geskied op meer as een vlak in die betrokke samelewing waarin die kerk haar bevind. Vanaf die getuienis van individuele Christene in hulle plaaslike konteks, tot die meer amptelike betrokkenheid van die kerk in haar verband by al die aspekte van die Skepping van God, as Sy wêreld waarvoor Hy ons die roeping gegee het om Sy heerskappy sigbaar te maak in alle samelewingsstrukture.

Miskien het ons dit in *'n sekere opsig* beter verstaan in die vorige bedeling (voor 1994), toe die NG Kerk baie betrokke was by die strukturering van die politieke en staatsbestel van Suid-Afrika. Daar was 'n baie nou verbintenis met die regering, amptelik, maar ook op persoonlike vlak deurdat die politici heel dikwels merendeels lidmate van die drie Afrikaanse kerke was. Nou is dit heeltemal anders, en die gevaar bestaan dat ons as kerk en individuele Christene meen dat die land en sy regering nou die verantwoordelikheid is van "ander mense."

> *Daar is meer as ooit tevore groot geleenthede om as Christene en as kerk ons roeping uit te leef*

Sodoende versaak ons as kerk (en dus, lidmate) die roeping eie aan ons tradisie, naamlik om elke duimbreedte van God se wêreld onder Sy heerskappy te stel.

Dit gebeur terwyl daar in ons huidige bedeling meer as ooit tevore groot geleenthede is om as Christene en as kerk ons roeping uit te leef op al die vlakke van die samelewing. So word plaaslike gemeentes vandag uitgedaag om saam met ander kerke (en selfs godsdiensgroepe) saam te span om met plaaslike instansies in gesprek te tree oor verskeie sake wat die gemeenskap raak en wat te doen het met die openbare getuienis van die kerk. Sake wat genoem kan word is die volgende:

Moraliteit: Dit is 'n oorbekende feit dat die geweldkultuur in ons land, asook die hoë frekwensie van bedrog in die sakewêreld, gepaardgaande met die materialistiese (en in hierdie sin dan ook 'n fatalistiese) ingesteldheid van ons mense – dat dit herlei kan word na 'n gebrek aan 'n gemeenskaplike waardesisteem in die Suid-Afrikaanse

gemeenskap. Alhoewel die kerk nie die staat gedienstig is ter wille van die staat nie, is dit tog elke Christen se roeping om toe te sien dat elkeen vanuit 'n verbondenheid aan God die morele gedragskodes sal handhaaf wat van ons verwag word – maar wat dan ook van die samelewing 'n beter plek behoort te maak.

Daarom is dit belangrik dat die gemeentes so 'n visie sal hê wat daarop fokus om deur middel van die erediens, pastoraat, jeugwerk en ander diensterreine **'n morele interne lokus van kontrole te vestig** in die lidmate, juis kragtens hulle verbondenheid aan Christus en sy kerk: Om dus op 'n bepaalde manier te lewe voor die aangesig van die lewende God. Hiertoe het elke lidmaat, diaken, ouderling en predikant 'n heilige roeping.

Hiertoe het elke lidmaat, diaken, ouderling en predikant 'n heilige roeping.

Maar meer as dit, moet gemeentes ook weet van die verskeidenheid van programme wat daar deur gemeenskapsleiers en die SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens) gereël word om geweld te bekamp, soos die SAFE- en die HOOC (Hands Off Our Children)-programme. Daar sal in die vervolg op plaaslike gemeentes se nommer gedruk word om dit te help koördineer in eie gemeenskappe. Al meer geld word vir hierdie soort projekte beskikbaar gemaak en daar word toenemend besef dat die staat nie die infrastruktuur het waaroor godsdiensgroepe beskik, om dit te struktureer nie. Daar sal dus in die toekoms al meer gebruik gemaak word van sogenaamde NGO's (Non Governmental Organizations) om hiermee te help.

Feit bly staan dat dit 'n onvervreembare roeping is.

Armoede: Dit is belangrik om hier nie net te dink aan die proses van verarming van baie van ons lidmate nie. Dit is 'n ontstellende probleem op sy eie. Daar is egter benewens dit nog die groter probleem van armoede as sodanig. Armoede gemeenskappe is verder die natuurlike bron van baie ander maatskaplike probleme, soos geweld, immoraliteit, werkloosheid, moedeloosheid, sinloosheid – alles met gepaardgaande gevolge wat lei tot die ontneming van menswaardigheid van die sogenaamde gemarginaliseerdes in die samelewing. Natuurlik het die staat met sy onderskeie departemente in hierdie opsig 'n absolute verantwoordelikheid. Gepaardgaande met 'n kultuur van armoede is daar ook 'n psigiese realiteit: die verlies van selfwaarde; die wanpersepsie van menswees; die fatalistiese ingesteldheid van lewe; die verlies aan hoop. Dit is hier waar die verskillende gestaltes en werksaamhede van 'n gemeente mense moet kan help met die bevrydende en energerende boodskap van Evangelie: God se omgee vir sy skepsele en skepping. In dieselfde sin moet ook die vigs-pandemie gesien word as iets waarvoor die kerk nie kan terugdeins nie, maar waar ons betrokke moet raak by die programme wat daarvoor beskikbaar is. Daarom ook dat iets soos die Vigsburo in Wellington sterk steun verdien van ons gemeentes.

Op wyer terrein moet die kerk ook by die oop deure wat daar is, ingaan. Soos die betrokkenheid by die wetskrywende proses op provinsiale en nasionale vlak. Wat laasgenoemde aan betref is daar al klein treetjies gegee met die totstandbrenging van die sogenaamde parlementêre lessenaar. Dit het al heelwat positiewe resultaat tot gevolg gehad, maar veel meer behoort gedoen te word. Op plaaslike vlak moet gemeentes met mekaar hande vat in die daarstelling van gesonde verhoudinge met die plaaslike regering (munisipaliteit), aangesien baie sake wat in 'n gemeenskap gereël word, wat voorheen sentraal hanteer is, nou na die derde vlak van regering afgewentel is.

Ruimte ontbreek om verdere voorbeelde te noem van wat die publieke getuienis van die kerk alles prakties kan behels. Feit bly staan dat dit 'n onvervreembare roeping is van ons kerk soos dit nog altyd in Gereformeerde kringe verstaan is.